HOËRSKOOL WATERKLOOF

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za

UITGAWE 2 | 2022

**Wenners van Beste nuusberig, Beste gebruik van video en Beste Covid-19 innovasie in Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2021**




## Koue voete - warm liefde

Die Klofies vier tien jaar van gee

**Jana Gous**

- Fotograaf: Marlette Krüger -

Tien jaar van gee, 37 nuwe werksgeleenthede en meer as 30 ton klere wat al deur die Klofies ingesamel is. Dít, tesame met Hemelvaart, is wat Kloof tydens Kaalvoetoggend op 26 Mei gevier het. In die pikdonker het die Klofies, kaalvoet, oor die koue gras met hulle swartsakke vol klere gearriveer...

Terwyl die eerste sonstrale oor die pawiljoen gekruip het, het Kloof die stilte met die lirieke: *With the dawn of day I look to see the Lion of Judah as King. Your glory enters and removes all fear, your face so bright your truth so clear*, verbreek. Die liedjie is deur die talentvolle meneer Dewald Maré geskryf en gesing.

"Met gevriesde voete en warm harte het die Klofies weer 'n verskil gemaak", sê Shawné Anderson en Martinus van der Merwe, hoofleiers: Lewensverryking 2022.

Dit was 'n oggend vol hoop en inspirasie. Een na die ander kaalvoetspreker het uitgedaag en gemotiveer: "As jou droom jou nie bangmaak nie, is jou droom nog nie groot genoeg nie." Hier by Waterkloof word groot gedroom.

Dié tradisie van Kaalvoetoggend, is in 2011 deur die hoofleiers, Jacques Small en Melise du Toit, begin. Tydens die eerste Kaalvoetoggend het die Klofies 12 ton ou klere ingesamel. Die ingesamelde klere gaan aan organisasies soos: Helpende Hand, PEN en GROOTfm, wat die klere verkoop of aan behoeftiges skenk. Die geld wat uit die verkope van die ou klere gegenereer word, word as studiefondse vir minderbevoorregte studente aangewend.

Kloof sien uit na die volgende tien jaar van gee; tien jaar van yskoue kaalvoete, maar vuurwarm liefde.

Met *glitz* en *glam* het Hoërskool Waterkloof se Dansakademie alle verwagtinge oortref! Die vertoning het van 25-29 Mei in die Staatsteater plaasgevind. Verskeie dansgenres is gekombineer, naamlik: modern-, jazz-, liries- en ballet. Temamusiek van bekende films is gebruik om die aand onvergeetlik te maak. Die energie van die dansers met die openingsdans, *Footloose*, het behoorlik die gehoor se voete laat jeuk.

*"We can live in a world we design." – Greatest Showman*

Ma'am en haar span, Angie Crouch en Mongené Burgh, het bewys dat dans hulle passie is. Die choreografie was uniek en die musiek het emosies perfek uitgebeeld.

*"May the rest of our lives, be the best of our lives." – Mamma Mia*

Elke danser het kleur aan die musiek gegee - van *Ghostbusters* tot die vreesaanjaende *IT* en *Cruella*. Die seerowers van *Pirates of the Caribbean* was uit 'n ander era en die *Mean Girls* was sag op die oog! Die ballet was topgehalte en *Creed* was uitstekend! Die temalied van *Suits* is met pragtige danspassies uitgebeeld. Die graad 12-dansers (*The Avengers*), het nuwe betekenis aan hierdie aksiefigure gegee.

*"You've always had the power my dear, you just had to learn it for yourself." - Wizard of Oz*

Die Dansakademie lewer jaarliks dansvertonings wat artistieke grense verskuif. Mag elke toekomstige dansvertoning met tonne bravo's eindig!

*"First think. Second believe. Third dream. And finally dare." – Up*

## Moving Magic – 2022

**Ané Hartzer**



*Lara Resente*

*- Fotograaf: Lily Rose Photographic Studios -*



**Orkeskamp** - bl.6

- Fotograaf: Gerdinand Burger -



**Robotika** - bl.11

- Fotograaf: Keaan Kempen -



**Netbalfees** - bl.16

- Fotograaf: Natasha Cloete -

# Redakteursbrief

En so vlieg die tweede kwartaal verby! Twee maal meer intens as wat ons kon verwag. Dit was ook twee maal lekkerder, moeiliker en kouer. Die dans, sport, koor, orkes en vele ander aktiwiteite het so fantasties presteer omdat julle die ure insit en oefen. In die lewe pluk 'n mens die vrugte van jou dade, en Kloof, ons vrugteboord is vol.

Met al hierdie pret kom daar ook die druk en stres, en baie van ons voel dat ons net-net kop bo water hou - dat jy niks meer energie het om aan te hou swem nie. Maar ek kan jou belowe dat jou energie nie net van die sport wat jy beoefen, vriende wat jy het, of die "energiedrankie" wat jy drink, kom nie. Sonder die Here, sou ek nie hierdie kwartaal of die afgelope vier en 'n half jaar oorleef het nie.

Kloof, die winter mag dalk koud wees en jou punte mag dalk 'n bietjie bleek lyk, maar met die warm liefde van die Here en die mense om jou, sal jy wil aanhou lewe.

Rus lekker, julle verdien dit! 😊






Redaksie 2022
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

# WENNER!



*Baie geluk aan Nalize Duvenhage in gr.10 wat die gelukkige wenner van die kontantprys vir die woordspeletjie in Uitgawe 1/2022 is. Indien jy R500 in kontant wil wen, blaai na bladsy 14 vir die volgende uitdaging!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

## REDAKSIE

**Graad 12**
Jana Gous (redakteur)
Ané Hartzer
Emma Lotriet
Niel Voges

**Graad 11**
Juan de Wet
Arnold Dippenaar
Handro Myburg
Vivienne Pio
Lyné Steyn
Anica Ueckermann
Lillian van Staden

**Graad 10**
Mia Appelcryn
Lize Erasmus
Laureanne Geertsema (adjunkredakteur)
Nandi Gous (adjunkredakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

**Graad 9**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Miné Naudé
Krige Steyn

**Onderwysers**
Alma van der Walt
Retha Hofmeyr
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris

**Uitleg**
BlackSun Design

# Laat jou stem tel

Marni Botha

**Vir die "soet" kinders is die woord detensie soos 'n vloekwoord, maar vir die skuldiges word dit as 'n "lekker" uitdaging beskou. Verbeel jou 'n middag waar jy geen aktiwiteite het nie en al wat jy moet doen, is om stil te bly, uitskryfwerk te doen en oor jou sondes na te dink. Wat dink die Klofies van detensie?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

- *Detensie is nie meer so erg nie, en dit word glad nie meer so ernstig deur die leerders opgeneem nie. Hulle voel hulle kan sinvoller dinge, as uitskryfwerk, gedurende detensie doen. Uitskryfwerk is doelloos en mors almal se tyd.*

**Era Botha (Graad 12)**

- *Ek dink die leerders moet help om die skoolterrein op te ruim (papiere optel ens.). Dit sal die leerders motiveer om die terrein skoon te hou. Dit is gewoonlik die stoutes wat mors. En as hulle dan iets moet uitskryf, moet dit dalk werk wees in die vakke waarin hulle nie goed doen nie.*

**Mignon de Wet (Graad 11)**

- *Nee, detensie is nie meer so erg nie. Ek dink hulle moet net BAIE uitskryfwerk kry.*

**Adriaan Botha (Graad 10)**

- *Ek sal voorstel dat hulle dalk eerder huiswerk doen of leer. Dalk ook iets prakties doen soos om die klasse of die terrein skoon te maak. Enige iets wat 'n doel het en nie almal se tyd mors nie.*

**Hilde Botha (Graad 9)**

- *Ek dink hulle moet die skoolreëls oor en oor uitskryf. Hulle kan ook eerder vir die eksamen en toetse leer. Ek dink dit kan erg wees as jy daardie Vrydag sport of ander buitemuurse aktiwiteite het, en dit as gevolg van detensie moet mis. Die leerders moet eerder gemeenskapsdiens doen. Hulle kan die terrein en die badkamers skoonmaak.*

**Aiden Thompson (Graad 8)**

Hoërskool Waterkloof
App Store
Google play

# Vra vir Susan!

***Jy kan vir Susan kontak deur jou anonieme vraag op Susan se Google Form, wat op jou skoolgroepe versprei is, te stel.***

***Liewe Lesers, dankie vir al die vrae wat ontvang is! Ek beantwoord soveel ek kan. Groete. Susan***

***Liewe Susan***
*Hoe vergeet 'n mens van iemand wat jy werklik liefgehad het?*

**Liewe Anoniem**
Jy moet dink oor hoekom die verhouding nie uitgewerk het nie en dit aanvaar. Neem tyd om deur jou emosies te werk. Fokus op jouself en jou persoonlike geluk. Praat met mense wat jy vertrou en doen dinge wat jy geniet. Tyd bring genesing.

***Liewe Susan***
*Ek wil weet hoekom meisies nie langbroeke skool toe mag dra nie? Dit laat my soms ongemaklik voel as ek 'n rompie dra. Ek kry ook in die winter baie koud met net die sykouse.*

**Liewe Anoniem**
Daar is vroeër in 2022, tydens KVL (Kloof-vroueliga) oor die vraagstuk gestem. Die groot meerderheid van die dogters was daarteen. Om langbroeke vir enkele dogters beskikbaar te stel, is nie koste-effektief nie. My raad is dus om sommer twee pare sykouse oor mekaar aan te trek, dit sal jou 'n bietjie warmer hou.

***Liewe Susan***
*Hoekom bied ons skool nie 'n vak soos Sepedi aan nie?*

**Liewe Anoniem**
Sepedi is in die verlede as 'n Tweede Addisionele Taal aangebied, maar die Onderwys Departement het versoek dat dit as 'n Eerste Addisionele Taal aangebied moet word. Dit behels baie goeie mondelinge vaardighede en agtergrondkennis van die vak en het veroorsaak dat die leerdergetalle gekrimp het. Die vak was nie meer lewensvatbaar nie.

***Liewe Susan***
*Ek sukkel met faktorisering in Wiskunde, maar ek wil nie ekstra klasse bywoon nie, want ek is skaam daaroor. Hoe kan ek die probleem oplos sonder om klasse by te woon?*

**Liewe Anoniem**
Dit is moeilik om somme te doen waarvan jy nie eers die basiese beginsels verstaan nie. Ekstra klasse sal jou beslis daarmee help en daar is niks vernederend aan 'n ekstra klas nie. Inteendeel, ekstra klasse is baie verrykend. Selfs van die akademiese reuse woon dit by. As jy regtig nie wil nie, kan jy 'n klasmaat vra om jou te help, of gaan kyk *Youtube*-video's daaroor. Daar is ook aanlyn Wiskunde-klasse beskikbaar, maar hiervoor betaal 'n mens nogal duur. Sterkte!

***Liewe Susan***
*Matriekseuns doen nie meer moeite met hoe hulle meisies matriekafskeid toe vra nie. Hoe kan hulle verbeter?*

**Liewe Anoniem**
Die matriekafskeid is 'n groot geleentheid en om 'n metgesel te vra, is nog groter. Onthou dat seuns nie dieselfde is nie. Sommiges is dalk te skaam om 'n groot affêre daarvan te maak. Die matriekseuns moet dalk saam oor die onderwerp praat. Die matriekdogters kan 'n groot banier maak met: "Wanneer vra jy?" daarop en dit by die vierkant ophang. Dalk por dít die seuns 'n bietjie aan…

***Liewe Susan***
*Ek voel of die skool my lewe oorheers. Wat kan ek doen om minder te stres en hoe balanseer ek die akademiese, emosionele en sosiale dele van my lewe?*

**Liewe Anoniem**
Ek verstaan hoe jy voel. Die oplossing is: organiseer! Jy kan 'n te-doen-lysie opstel en aktiwiteite afmerk soos jy vorder. Doen alles wat jy vinnig kan afhandel, dadelik. Dinge wat langer neem, prioritiseer jy. As jy later sien wat jy alles gedoen gekry het, sal jy sommer minder gestres en meer in beheer voel. Identifiseer spesifieke tye vir spesifieke aktiwiteite. Staan soggens vroeër op om te oefen of te mediteer en bewaar byvoorbeeld Vrydagaande vir sosiale aktiwiteite. Die kernwoord is: BEPLAN!

***Liewe Susan***
*Ek voel ek word nie aanvaar nie. Wat moet ek doen?*

**Liewe Anoniem**
Vra vir jouself: "Deur wie wil ek aanvaar word?" Wil jy hê almal moet jou aanvaar, of net jou vriende en familie? Om deur almal aanvaar te word, is onmoontlik. Mense verskil en jy sal dit nooit regkry om almal gelukkig te maak nie. Soms is wat jy van jouself dink, glad nie hoe ander mense jou sien nie. Jy voel dalk minderwaardig omdat jy nie 'n ekstrovert is, of in die A-span speel nie, maar jy hoef nie soos ander mense te wees nie. Aanvaar jouself net soos jy is. Mense is dadelik aangetrokke tot iemand met selfvertroue.



# Juffrou Minette Pretorius se sprokiestroue

**Michaela Smith**

Op die skoolgronde van Hoërskool Walmer Park het juffrou Minette haar trouman, Heinrich van der Watt, ontmoet. Op 21 Maart 2022 het hulle die knoop deurgehaak en ewig trou aan mekaar beloof.

**Watter geskenk van Juffrou se kombuistee het julle al die meeste gebruik?**
Daar is een geskenk wat definitief vir my uitstaan, al gebruik ek dit nie die meeste nie. My ouma is ses jaar gelede aan kanker oorlede en ons was baie lief vir mekaar. Sy het 'n stel egte goue messe en vurke gehad, wat sy vir my ma gegee het om tot my troue vir my te bewaar. Dit was die eerste geskenk wat ek oopgemaak het.

**Wat is die eienskap van Juffrou se man wat die meeste uitstaan?**
Hy het 'n baie klein hartjie. Ek sê altyd hy is nie vir dié wêreld gemaak nie. Hy is baie sag wanneer dit by mense kom, en ek waardeer dit.

**Wie maak die kos en wie was die skottelgoed?**
Ek maak die kos en dan sal ons saam die skottelgoed was.

**Die meeste meisies beplan al van kleintyd af hulle troudag haarfyn. Sal Juffrou sê die troue was soos Juffrou altyd gedroom het dit moet wees?**
Dit was glad nie wat ek gedink het dit gaan wees nie. Ek het grootgeword met die gedagte dat ek in 'n woud wil trou en al sulke belaglike idilliese dinge, maar dit was glad nie wat ons toe gedoen het nie. Dit was soveel beter.

**Hoe het Juffrou-hulle verloof geraak?**
Ons het eintlik ons troue begin beplan voordat ons verloof geraak het. (Ek sal dit vir niemand aanraai nie; dit is 'n vreeslike antiklimaks). My man se werk is baie tydrowend, so ons het nie altyd baie tyd saam nie. Twee weke voor Vrouedag het ek vir hom gevra of ons iets saam kan doen omdat hy dié dag nie hoef te werk nie. (Hy werk gewoonlik op vakansiedae.) Toe gebruik hy die dag vir 'n piekniek-afspraak om my te vra om te trou.

**Wat is die belangrikste in 'n verhouding?**
Definitief geloof en vertroue!



*Heinrich en Minette van der Watt*
*- Foto verskaf -*

## *ONNIE-PERSOONLIKHEID*
# Mnr. Ruan Grové

**Lize Erasmus**

**Wat is die snaaksste ding wat Meneer al in die klaskamer oorgekom het?**
Ek het op 'n baie chaotiese dag vir die betrokke klas, die verkeerde les begin aanbied. Die kinders het my lanklaas met sulke groot oë aangestaar.

**Hoe sal Meneer die perfekte skooldag beskryf?**
Die perfekte skooldag is eintlik elke dag. Ek het die geleentheid om 'n verskil te maak en ek glo nie daar is 'n groter voorreg as dit nie.

**Watter tienermodes verstom Meneer op die oomblik?**
Ek sukkel om die mode van wit *Crocs* en sokkies te verstaan.

**Wat sal Meneer as die perfekte matriekafskeidtema kies?**
*Kings & Queens*. Die Matrieks moet daardie aand op die hande gedra word.

**Wat sal Meneer se laaste maaltyd wees?**
Definitief 'n tuisgekookte ete wat deur my vrou voorberei is.

**Wat gee vir Meneer, as graadhoof van die Druppels, die meeste grys hare?**
Dit is vir my verstommend om te sien hoe kinders van vandag nie meer effektief kan luister en dan 'n opdrag uitvoer nie.

**Waarin vind Meneer die meeste vreugde?**
Ek is mal oor die buitelewe, veral om dit saam met my vrou te geniet.

**Noem drie woorde wat Meneer beskryf?**
Eerlik, regverdig en humoristies.



*Mnr. Ruan Grové*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

**Watter liedjie sal Meneer as die temalied van Meneer se lewe kies?**
*Bok vir sport* – Bok van Blerk.

**Wat sal Meneer se oud-onderwysers van Meneer onthou?**
Ek sal verkies om nie hierdie vraag te antwoord nie!

**Wat is Meneer se droomvakansie?**
Ek wil Alaska baie graag besoek en my stokperdjies daar beoefen.

**Het Meneer enige grille en geite?**
Ja, ek is baie kieskeurig oor hoe my vleis gaargemaak word.

# Hierdie oud-Klofie kan skryf: van Klofiekan-redakteur tot joernalis

**Nandi Gous**

'n Groter glimlag met rooier lippe sal jy nie vind nie. Dit is die eerste indruk wat 'n mens van vryskutjoernalis, Karlien Meiring, kry. Karlien, 'n matrikulant van 2017 en oud-redakteur van ons eie Klofiekan, gesels oor haar interessante werk - van laat nagte, vals nuus en spertye tot haar onlangse werk vir Rooi Rose. Na afloop van haar studies aan die PUK, het Karlien 'n honneursgraad in Joernalistiek voltooi, waarna haar skryfloopbaan in volle swang begin het.



*Karlien Meiring*
*- Foto verskaf -*

**Wat is die lekkerste deel van jou werk as joernalis?**
Ek ontmoet interessante mense. 'n Mens doen en sien dinge wat jy andersins nooit sou ervaar nie. Elke storie het 'n ander uitdaging. Dit is onmoontlik om verveeld te raak.

**Wat is die uitdagings van jou werk?**
Die baie laataande. Nuus kan breek en dan moet die berig die volgende dag klaar wees. Jou berigte moet ook relevant bly, en dit gebeur dat 'n mens die feite moet opdateer.

**Het jou betrokkenheid by die Klofiekan jou besluit om 'n joernalis te word, beïnvloed?**
Definitief, dit is waar die fondament gelê is. Ons het ook baie van Beeld se koerantkursusse bygewoon en dit was goeie blootstelling.

**Wie was jou gunstelingonderwyser?**
Juffrou Retha Kearns is iemand wat jou as mens leer ken en jou nie net as nog 'n leerder sien nie. Juffrou Alma was ook vir my baie inspirerend: die perfekte kombinasie tussen streng en vriendelik. Sy het my ernstig opgeneem en nie net as 'n 16-jarige met 'n droom gesien nie.

**Watter raad sal jy vir jou hoërskool-self gee?**
Die hoërskool is eintlik so 'n klein deeltjie van jou lewe. Moenie jouself so ernstig opneem nie. Moet ook nie bang wees om, as jy baie passievol oor iets voel, jou alles daarin te sit nie.

**Dink jy daar is 'n toekoms vir jongmense in Suid-Afrika?**
Ja, beslis. Dit is 'n goeie idee om vir 'n jaar of twee oorsee te gaan werk, om ervaring op te doen en dan daardie kennis te gebruik om ons eie land op te bou.

**Watter raad het jy vir leerders wat 'n loopbaan in joernalistiek wil volg?**
Dit is baie belangrik om jouself van vroeg af, deur middel van goeie sosiale media teenwoordigheid, te bemark.

**Is daar enige gevare in die wêreld van 'n joernalis?**
Op die oomblik is vals nuus 'n groot probleem. Almal met slimfone dink hulle is joernaliste; dit maak dit baie moeilik om 'n objektiewe prentjie te kry.

Dit is duidelik dat Karlien nog diep spore in die mediawêreld gaan trap. Daar is niks vals aan hierdie oud-Klofie te bespeur nie.

# Het jy gehoor?

**Nandi Gous**



As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees wat jy alles in Kloof se klasse en gange sal hoor …

***Juffrou: "Steven! Hou op eet."***
***"Juffrou, daar is honger kinders in Afrika en Steven is een van hulle."***

***Meneer: "Moet asseblief nie vir jou Afrikaanse juffrou sê hoe ek nou gepraat het nie."***
***"Toemaar Meneer, ek mag nie in die Afrikaanse klas praat nie."***

***"Julle, waarheen het my tuinslakkie gegaan?!"***

***Mnr. Stoop: "Meisies, julle lyk mooier as julle glimlag."***
***Meisie: "Wel, Meneer lyk beter met hare, maar hier sit ons."***

***"Jy het nie Wiskunde nodig om 'n dominee te word nie."***

***Juffrou Siele se antwoord op Thorn se stories: "Vertel dit vir die voëls, dalk glo hulle jou."***

***"Ek gaan jou nek breek en dit geniet."***

***"Lig op die horison? Meer soos Gelets op die horison."***

***"My ouma se naels is mooier as jou oë."***

***"Hy moenie sy hare afskeer nie, hy gaan soos 'n ui lyk."***

***"Jy is 'n sterretjie. Ver en dof."***

***"Het julle kosblikke?" ~ 'n honger koshuiskind***

***"Aarde Ou, jy het amper Guillaume-kuite."***

# Ons groet:
# Juffrou Tharina van Aarde

**Je-Miné de la Rey**

Juffrou Tharina van Aarde het haar pragtige dogtertjie, Zeruja, verlede November verwelkom en daarna besluit om 'n tuisbly-mamma te word. Dit is met groot hartseer dat die Klofies haar groet.

**Wat was vir Juffrou die grootste oorweging om die drastiese stap te neem?**
Zeruja! My dogtertjie waarna ek so lank uitgesien het! Ek wil tyd met haar deurbring en sien hoe sy elke mylpaal in haar lewe bereik en ek wil dit saam met haar geniet.

**Wat sal Juffrou die meeste van die skool mis?**
Die leerders in my klas. Ongetwyfeld! Hulle het elke minuut en elke dag vir my besonders gemaak.

**Waarna sien Juffrou die meeste uit?**
Ek sien daarna uit om my dogtertjie te sien groot word en ook om meer tyd met my gesin en familie deur te bring.



*Juf. Tharina van Aarde*
*- Miracles Photography -*

**Wat is Juffrou se kosbaarste herinnering van Waterkloof?**
Die skool se verjaarsdag en die Kaalvoetoggende is 'n hoogtepunt. En beslis die jaar toe ons as die beste Fisiese Wetenskap-departement in Suid-Afrika aangewys is!

**Is daar 'n moontlikheid dat Juffrou in die toekoms weer by Waterkloof sal aansluit?**
Beslis, want een keer 'n Klofie… altyd 'n Klofie! My hart bly blou.

Ons wens Juffrou alle seën en voorspoed toe. Tot weersiens!

# Steunpilaar in die kantoor groet ons

**Ané Hartzer**

Tannie Hettie Hauman, wat die afgelope 17 jaar gesorg het dat aantekeninge en vraestelle perfek afgerol is, het Hoërskool Waterkloof aan die einde van April gegroet. Sy verruil die besige lewe in Gauteng vir die rustige George-omgewing.

Die Klofiekan het vir oulaas by haar gaan inloer…

Dit voel asof tannie Hettie vir 'n leeftyd verbonde aan Hoërskool Waterkloof was. Aanvanklik was dit vir haar 'n uitdaging, want daar was so baie gesigte en name om te onthou. Boonop moes sy Hoërskool Waterkloof se afrolwerk en ander bykomende take baasraak! Na twee weke het sy gewonder of sy die regte besluit geneem het deur van die massiewe skool deel te word.



*Tannie Hettie Hauman*
*- Miracles Photography -*

Opregtheid is vir haar belangrik en omgee vir ander, maak 'n integrale deel van haar persoonlikheid uit. Mnr. Chris Denysschen het haar nie verniet "hoofdogter van die administratiewe kantoor" gedoop nie. Oomblikke wat sy nie sal vergeet nie, is toe sy van haar stoel afgeval, en ten aanskoue van 'n kantoor vol mense, onder haar tafel ingegly het!

Tannie Hettie beklemtoon dat Hoërskool Waterkloof baie goed vir haar en haar twee seuns was. Die geleenthede wat die skool vir hulle gebied het, sal sy altyd onthou. Haar seun, Jaco, was in 2009 die hoofseun van Hoërskool Waterkloof. Sy beskou die administratiewe- en finansiële dames nie net as kollegas nie, maar eerder as familie.

Tannie Hettie, die Klofies sal jou baie mis. Dankie vir al die hulp, opofferings en omgee deur die jare.

# Juffrou Annelize Muller

**Je-Miné de la Rey**

Juffrou Annelize het diep spore in die Engelse Departement en by Kloof-geloof getrap. Sy gaan 'n leemte laat wat baie moeilik gevul sal word.

**Wat sal Juffrou die meeste mis?**
Die snaakse dinge wat die leerders in die klas doen, soos om 'n pen in 'n piesang te druk en met die "piesangpen" te probeer skryf! Maar bowenal die vriendelike gesigte en al die stories van ander klas-eskapades en die intriges tydens pouse.

**Watter herinnering sal Juffrou altyd bybly?**
Wanneer die skool uit volle bors skree: "Bou in geloof!" Dit is hoendervleis mooi.

**Wat was die hoogtepunt van Juffrou se onderwysloopbaan?**
Die Here het my siel kom red terwyl ek as 'n onderwyseres by Kloof gewerk het.



*Juf. Annelize Muller*
*- Miracles Photography -*

**Waarom verlaat Juffrou die Klofies?**
Ek verlaat die onderwys, maar beslis nie vir Kloof nie. Ek sal steeds 'n Klofie bly, maar is nou net 'n mamma-wat-bid en 'n Kloof-geloof-helper.

**Waarna sien Juffrou die meeste uit?**
'n Stadiger lewenspas. Meer tyd vir my geliefdes. Dieper verhoudings. Geestelike groei!

**Het Juffrou vir ons 'n laaste boodskap?**
Moenie na die vyand en al sy leuens luister nie. Die Here is so ongelooflik lief vir ons en NIKS wat ons doen, kan ons van Sy liefde skei nie! As jy Hom in jou lewe toelaat, sal jy werklik gelukkig wees.

# Onnies se babas:
# 'n Klein Klofie maak haar verskyning - Lumae Prinsloo

**Nicolas du Plooy**

'n Mens gooi beslis nie die baba met die badwater uit as jy sê dat die nuutste stygende tendens van geboortesyfers in die Afrikaanse Departement beslis aandag trek soos 'n taxi-toeter voor die Menlyn-winkelsentrum nie.

Die Prinsloo-gesin was oorstelp van vreugde toe hulle die nuutste toevoeging tot hulle gesin verwelkom het.



*Juf. Izelle en Lumae*
*- Foto verskaf -*

**Wat was sover die grootste uitdaging: die slapelose nagte of die peperduur pryse van *Pampers* en stootwaentjies?**
Die afhanklikheid van so 'n klein lyfie én die slapelose nagte. Ek is baie lief vir my slaap, so dit is definitief die grootste aanpassing.

**Was die besluit op 'n naam 'n groot uitdaging?**
Dit was eintlik maklik nadat ek besef het haar pa stel nie in ander name belang nie.

**Na watter lekkernye het Juffrou die meeste, tydens die swangerskap, gesmag?**
Sjokolade - veral na 'n Crunchie.

**Is die fopspeen 'n reddingsboei vir Juffrou se ore?**
Absoluut! Ek gaan nêrens heen sonder my ekstra ammunisie nie.

**Wat is Juffrou se gunstelinggeskenk?**
Definitief die modieuse, leer doeksak! Ek gebruik dit elke dag.

**Dink Juffrou Lumae sal eendag 'n hoofdogter kan wees?**
Sy sal beslis leierseienskappe besit. Sy sal grootgemaak word om selfstandig te wees en altyd op te staan vir wat reg is.

# Nie meer net 'n "skoolmamma" nie

**Mia Appelcryn**

Juffrou Vanessa Hills op 4 April, met 'n skattige babadogtertjie, Lana, geseën.

**Wat is vir Juffrou die lekkerste?**
Ek is altyd dankbaar as sy my vinger vat en vashou. Ek beleef dan die gevoel dat ons mekaar nodig het. Ek het 'n beste vriendin gekry - vir die res van my lewe.

**Hou sy van musiek?**
Ons luister gedurig kleuterrympies, alles Engels natuurlik. Ook Laurika Rauch, omdat ek daarmee grootgeword het, en dan ongelukkig *Early B*, pa se keuse.

**Wat is die belangrikste lewensles wat Juffrou haar graag wil leer?**
Om onvoorwaardelik, vir alle mense lief te wees en dat vriendelikheid en respek vir ander jou baie ver in die lewe bring. Sy moet ook altyd vir haarself, vir dit waarin sy glo en dit wat reg is, kan opstaan.



*Juf. Vanessa en Lana*
*- Fotograaf: Carla van Staden -*

**Ons weet Juffrou is 'n groot Harry Potter-aanhanger. Hoop Juffrou dat sy ook een sal wees, en in watter *house* dink Juffrou sal sy wees?**
Sy was nog nie 'n dag oud nie, toe begin ek al vir haar die eerste boek lees. Ek hoop ons kan eendag vakansies deurbring deur Harry Potter te *binge*. En dan is daar net een huis – *Gryffindor*!

**Hoe het die ervaring Juffrou se lewe verander?**
Ek het nie gedink 'n mens se lewe kan so baie verander nie. Sy het my stabiliteit en 'n rede om elke dag sterk te wees, gegee. Ek sukkel om te begryp hoe absoluut perfek sy is en dat ek haar mamma is. Sy het letterlik oornag ons lewens perfek gemaak.



# FOTORAAI

Kan jul die drie Kloof-personeellede op hierdie foto herken?

**Leidrade:**

- Dit is in 1975 geneem.
- Dit is 'n foto van die leerders wat provinsiale sportkleure verwerf het.


Die antwoorde is elders in hierdie uitgawe.

# Cute Couple

Je-Miné de la Rey

**Die liefde triomfeer**

Martinus en Eunice, ons eie Romeo en Juliet, het die wenresep vir die liefde ontdek. *#liefdewen* is Martinus se motto en Eunice weet hoe om haar pad na dié man se hart te vind met hulle kooksessies in die kombuis.



*Martinus en Eunice*
*- Foto verskaf -*

**Waar het julle ontmoet?**
**Eunice:** Ek het skelm, in die IGO-klas in graad 11, in sy rigting geloer, maar ons het eers by die deurnagsokkie begin gesels. Hy het behoorlik my asem weggeslaan toe ons ballonne saam moes opblaas!
**Martinus:** Ek glo Eunice het reeds die sprokiesverhaal in detail vertel.

**Wat is jou mooiste herinnering?**
**Eunice:** Martinus wat vir my grappies lag al is dit nie snaaks nie.
**Martinus:** Al ons morsige kooksessies in die kombuis.

**Wie het altyd die laaste sê?**
**Eunice:** Martinus, want hy hou nooit op praat nie.
**Martinus:** Eunice, want sy hou nooit op praat nie.

**Wie vra eerste om verskoning nadat julle baklei het?**
**Eunice:** Ek, want Martinus se *facetime* werk nie.
**Martinus:** Ek, want ek bel haar sodat ons die probleem kan oplos.

**Wie swaai die septer in die verhouding?**
**Martinus:** Nie een van ons nie… ons weet nie regtig wat ons doen nie. *#liefdewen*

# Die Druppel-~~konsert~~ film: Druppels in, Klofies uit

DIE DRUPPEL ~~KONSERT~~ FILM

Handro Myburg

Elke jaar word die tweede kwartaal gekenmerk deur die Druppels se amptelike Klofie-wording. Daar is egter een laaste stap waardeur die Druppels moet gaan voordat hulle deel van die Klofie-oseaan kan vorm: die Druppel-konsert of in hierdie geval die Druppel-film.

Weens die voortdurende verandering in die Covid-regulasies het die Klofieraad besluit om hierdie jaar eerder 'n Covid-veilige opsie in die vorm van 'n Druppel-film te kies, en nie vir 'n Druppel-konsert te beplan nie. Die skiet van 'n film gee ook vir die Druppels die geleentheid om vir baie jare na die digitale herinneringe te kan terugkyk.

Die skiet van die film het gedurende die eerste kwartaal plaasgevind. Elke oop gleuf in die Druppels se besige program is gebruik om die Klofieraad se droom te realiseer. Die film is met behulp van die Waterkloof-filmskool verfilm en geredigeer.

Gelukkig is die Covid-regulasies gelig en kon die Druppel-film die rooitapyt première kry wat dit verdien. Meer as 1200 Klofies en Druppel-ouers het die geleentheid op die rugbyveld bygewoon. Die aand is deur 'n vertoning van die Druppels se "gesinchroniseerde swemspan" afgeskop. Daarna is die gehoor met 'n romantiese komedie bederf wat vir groot vermaak gesorg het. Na afloop van die film het die hoof die graad 8's vir die laaste keer as Druppels toegespreek en vir oulaas het hulle die Druppel-groet laat hoor.

Die graad 8-groep van 2022 is nou volwaardig deel van die skool en hulle funksioneer as 'n nuwe lig op die horison vir die toekoms van Hoërskool Waterkloof.



*Druppel-film*
*- Videogreep verskaf deur Handro Myburg -*

## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# Vinkel en koljander

Anica Ueckermann

**Dit wil voorkom asof hierdie kwartaal se Klofie-persoonlikheid in 'n gesplete persoonlikheid ontaard het. Hierdie twee leerders bewys dat dieselfde DNA nie van jou 'n replika maak nie. Met verskillende persoonlikhede, verskillende perspektiewe maar slegs een titel, kroon ons die Bailies as Klofie-persoonlikheid/hede.**

**As jy ooit wegraak, waar moet ons soek?**
**Jayden:** Die enigste plek waar niemand my sal soek nie… PEP.
**Nathyn:** Agter die blou asblik op die hoek van Boeing en Delmas.

**Watter raad het jy vir 'n graad 8 om die beste van die hoërskool te maak?**
**Jayden:** As jy kwaad word, hou jou asem op en tel van 100 af terug in veelvoude van sewe.
**Nathyn:** Geniet dit terwyl jy nog tyd beskikbaar het.

**Wat dink jy is jou boetie se *spirit animal*?**
**Jayden:** Dit mag jou dalk skok - 'n *electric eel*.
**Nathyn:** 'n Mier, want hy is klein en hardwerkend.

**Wat is jou lewensleuse?**
**Jayden:** *Be who you are and say what you feel, because those who mind don't matter and those who matter don't mind.*
**Nathyn:** *What can go wrong?*

**Beskryf jouself in een sin.**
**Jayden:** Interessant… soms.
**Nathyn:** Ek hou van sjokolade. Ek is nie baie goed daarmee om instruksies te volg nie.

**Wat is die irriterendste vraag wat mense jou vra?**
**Jayden:** Watter een van die twee is jy?
**Nathyn:** Is julle 'n tweeling?

**Wat is die vreemdste ding wat jy in die hoërskool geleer het?**
**Jayden:** Die RIL-effek – rrr.
**Nathyn:** Wiskunde is die enigste plek waar Jannie 57 waatlemoene koop en niemand enige vrae vra nie.

**As jy kan teruggaan in die geskiedenis en enige iets kon verander, wat sou jy doen?**
**Jayden:** Ek sou vir my Bitcoin koop.
**Nathyn:** Ek sou Einstein se hare kam.



*Nathyn & Jayden Bailie*
*- Foto verskaf-*



# Van Huyssteens Oratorsfees - groter as ooit

**Casey Robertson en Mia Appelcryn**

Hoërskool Waterkloof was hierdie jaar die gasheer van die gesogte Van Huyssteens Oratorsfees, wat in die week van 7 Maart 2022 plaasgevind het. Hierdie spoggerige geleentheid is die grootste onvoorbereide oratorsfees in Gauteng.

Die onderwerpe het van tegnologie by skole, tot feminisme en politieke kwessies gewissel. Dit het beslis deelnemers se kreatiwiteit en die vermoë om te redeneer getoets.

Deelnemers kon in spanne of individueel deelneem. By die trek van onderwerpe vreet die spanning jou op - jy weet nooit wat om te verwag nie!  Die keuse van jou onderwerp kan die verskil tussen wen en verloor beteken. Dan begin die resies teen tyd om die perfekte toespraak, sonder enige flaters, te skryf en te lewer. Indien jy die beoordelaars se asem wegslaan, word jy na die gala-aand genooi.

Dié gala-aand, wat deur die leerders en hulle ouers bygewoon is, het op 14 Maart plaasgevind. Deur die loop van die aand is die gaste met smaaklike peuselhappies en drankies, asook 'n aanbieding van Duxla (die Dux-leierskapakademie) getrakteer.

Daar was naelbytoomblikke toe die wenners aangekondig is en groot vreugde toe Hoërskool Waterkloof met ses van die gesogte hamers kon spog! Kloof is baie trots op elke leerder wat deelgeneem het.

**Wenners:**

**Afrikaanse span:** Elimay le Roux, Jack Brevis, Marelize Eloff, Leandri Fourie (gr.8)

**Engelse span:** Adey van Niekerk, Marinet van Zyl, Aiden Thompson, Nicholis Meiring (gr.8)

**Tweetalige span:** Reuben Blignaut, Je-Miné de la Rey, Aimeé Collins, Nicolas du Plooy (gr.9)

**Afrikaans individueel:** Dieter Stehle (gr.9)

**Engels individueel:** Je-Miné de la Rey (gr.9), Wilmarie Nolte (gr.11)


*Wenners: Graad 8-Afrikaans*
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -


*Winners: Grade 8 English*
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -


*Wenners: Graad 9-Tweetalig*
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -


*Wenners: Individuele sprekers*
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

# Parnassus - pret met militêre dissipline

**Emma Lotriet en Juan de Wet**


*Orkeskamp*
- Fotograaf: Gerdinand Burger -

Die Klofie-konsertorkes het vanaf 17 tot 21 Maart 'n oefenkamp op Parnassus – 'n plaas in die Magaliesburg-omgewing gehad. Daar is hard gewerk en nog harder gespeel.

Die eerste dag was meestal sonder opwinding, aangesien die busrit en die uitpakkery die grootste deel van die dag in beslag geneem het. Die juniors se kleurvolle weermaguitrustings (die kleretema vir die dag), die doop van hul klippe en die nagmars het egter vir afwisseling gesorg.

Die kampprogram was propvol oefensessies, inspeksies en prettige aktiwiteite.

Elke dag het stiptelik om 6 uur begin, met die suiwer geskrei van ons hoof-trompetspeler se interpretasie van die *Reveille* wat deur die gange weerklink het. Daarna sou kamer- en instrumentinspeksie volg, 'n beproewing wat verskeie van die lede (veral die perkussielede) net nie kon slaag nie.

Die oefensessies was volop, produktief en gekenmerk deur die pittige grappies van die orkes se geliefde dirigent, meneer Eddie Clayton. Die kos en die fasiliteite was niks minder as wêreldklas nie, selfs al moes daar met bobbejane vir die botter baklei word. Die aande het gewoonlik eers om elfuur geëindig met die pragtige *Last post* wat deur stiltetyd gevolg is.

Daar is egter ook tyd gemaak vir prettige aktiwiteite soos bergklim (waar die spinnekoppe net so volop soos die blare was), 'n hindernisbaan (waar daar meer bobbejane as hindernisse was) en, die hoogtepunt van elke orkeslid se kamp: die potjiekoskompetisie!

Die juniors moes daagliks volgens 'n snaakse tema aantrek en hulle klippe oppas. Daar is name en agtergrondstories vir elke klip gegee en die klippe moes met 'n tandeborsel geskrop word. Dit was beslis nie vir die juniors maklik om hulle klippe veilig te hou nie, aangesien die seniors gretig gewag het om die juniors se klippe af te neem en weg te steek. (Iets, wat tot die "dood" van die betrokke klip kon lei.) Ulrich Bester, wat twee huldeblyke vir sy "oorlede" klippe moes skryf, is 'n tragiese voorbeeld hiervan.

Op die laaste dag is 'n kleedrepetisie ter voorbereiding van die konsert gehou. Bekende liedjies soos Lig op die Horison, *Critical Mass*, *Havana* en *A Thousand Years* is gespeel.

Dit was 'n baie suksesvolle kamp en is deur 'n ieder en 'n elk geniet!




# Klofies is voor in die koor

**Lillian van Staden**

Na twee jaar se gesukkel met aanlyn oefeninge en geen optredes nie, is die Klofie-koor met mening terug. Optredes is volstoom aan die gang en 2022 is die jaar wat dié koor weer sy merk maak!

'n Klompie nuwe stukke soos: *Muusika* deur Pärt Uusberg, *Tsau!* deur Pieter Bezuidenhout, en Lig op die Horison deur Joshua na die Reën, is by die koor se repertoire gevoeg. *Muusika*, wat 'n Estoniaanse lied is, en *Tsau!*, wat spesifiek vir die Klofie-koor gekomponeer is, het die koor op die 7de Mei 2022 na die finale rondte van Sing in Harmonie laat deurdring. Die koor is met groot lof besing. Die Klofies het ook verlede jaar aan dié kompetisie deelgeneem en fantasties presteer. 2021 se optredes is onlangs op TV uitgesaai en die Klofie-koor is as nasionale wenners bekroon!

Kwartaal twee het die koor in rep en roer gehad, met verskeie optredes. Dit het stadig maar seker opgebou tot by hulle deelname aan die ATKV-Applous Prestige afdeling wat op die 21ste Mei 2022 plaasgevind het. Die koor het goud behaal: 'n ongelooflike prestasie, gepas vir die uitmuntende optrede. Hier het dit nie geëindig nie, ons Klofie-koor het hulself tot in die finaal van hierdie kompetisie gesing. Dit vind op 30 Julie plaas.

Gedurende dié besige koorkwartaal is die koorlede deur laataandbusritte en mooi musiek verenig en baie nuwe vriendskappe is gesmee. Baie dankie aan mnr. Gert Pottas, juf. Carina Taute en juf. Elri Erwee wat Waterkloof se koor met liefde en passie lei en ondersteun. Ons is baie opgewonde oor wat die Klofie-koor al bereik het en oor wat hierdie jaar nog gaan gebeur. Hoërskool Waterkloof is trots op dié wêreldklaskoor wat die skool se naam hoog hou.


*Klofie-koor*
- Fotograaf: Alma van der Walt -

# Koffie kraai koning

**Nicolas du Plooy en Krige Steyn**

Dis die aand voor jou Wiskunde-toets. Jou week het sover uit slaap, *binge*, uitstel en weer probeer, bestaan. Nou moet jy deurnag as jy nie ses van die bestes by jou ma wil kry nie.

Douvoordag die volgende oggend is jy voor in die koor by oom Frank se koffiestalletjie; half aan die slaap en dringend op soek na 'n energiehupstoot.

Kom ons wees nou doodeerlik, ons almal was al daar!

**Is daar 'n spesiale bestanddeel wat Oom se koffie so verslawend maak?**
Kafeïen!

**Wat het Oom genoop om 'n koffiebesigheid te begin?**
Ek is nou al lank in die koffiebesigheid en het eers koffie ingevoer. Ek het later die idee gekry om my eie koffie te maak en te verkoop.

**Het Oom 'n baie lojale klant?**
Ja, dit is 'n matriekleerder en sy bestelling is altyd 'n *hazelnut* cappuccino.

**Wanneer is die rye die langste, voor skool of pouses?**
Pouses.

**Wat dink Oom van die nuwe Klofie-beursiebetalingsmetode?**
Dit is baie effektief: baie makliker en vinniger.

Die Klofies wens vir oom Frank en sy koffiestalletjie 'n LANG en suksesvolle toekoms op die Klofie-gronde toe.



*Oom Frank*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Filmresensie

**Arnold Dippenaar**

## *The Adam Project*

Tyd. 'n Vreemde konsep. *The Adam Project* is 'n *SciFi*-fliek deur Netflix. Dis nie maklik om 'n fliek te vervaardig waar mense na die hede en die verlede kan spring sonder om die fliekgangers te laat voel asof hulle in 'n Wetenskap-klas sit nie. *The Adam Project* spring gelukkig gemaklik oor hierdie hekkie. Die hooffokus van die fliek handel eerder oor die boodskap en die karakters se verhoudings.

Ryan Reynolds en sy *mini-me*, Walker Scobell, se skerp opmerkings en sarkasme is die perfekte medisyne vir die hartseer verhoudings en temas in die fliek. Hulle vertolk die rol van Adam Reed wat homself in 'n tameletjie in die toekoms bevind. Hy maak die sprong terug na 2022 toe hy 12 jaar oud was. Adam benodig sy jonger weergawe sodat hy toegang tot sy eie supertuig kan kry. Die supertuig weier hom toegang weens die beserings wat hy tydens sy ontsnapping opgedoen het. Is dit slegs 'n irritasie of kan 'n mens iets by jouself leer?

Adam wen vertroue by sy jonger weergawe en hy gee vir klein Adam insig oor die verhouding tussen hom en sy ma wat, na sy pa se dood, versuur het. Die twee Adams se gesprekke duur nie lank nie, want die volwasse Adam se agtervolgers is kort op sy hakke. Maya Sorian, gespeel deur Catherine Keener, is die antagonis. Die volwasse Adam word onverwags deur sy agtervolgers vasgepen. Klein Adam word ook by die fisiese konflik ingesleep en kort voor lank is hulle aan die verloorkant.

Adam se vermiste vrou verskyn en saam ontsnap hulle. Sy wag al vier jaar vir Adam om haar uit die verlede te kom red. Adam se vrou, Laura, word deur Zoe Saldana gespeel. Sy lig hulle oor Maya se motiewe in.

Adam en Adam weet hulle moet na 2018 terugkeer om te verhoed dat Maya beheer oor tyd kry. Hulle benodig die hulp van hulle pa (Mark Ruffalo), die stigter van die *Adam Project*. Hulle opinies oor hulle pa verskil. As hulle wel vir Maya wen, wat dan? Herskryf hulle nie dan die tyd nie? Sal hulle ooit nog bestaan?

*The Adam Project* is 'n fantastiese gesinsfliek; dit is ernstig sonder om somber te wees. Die fliek word beslis aanbeveel; as jy die vakansie verveeld is, gebruik 'n bietjie van jou tyd en kyk hierna.




# Met grysheid kom wysheid:
# Voor in die kantoor met Tannie Erika



**Jana Gous**

Jy sal haar aan die stem herken: "Jammer vir die onderbreking", wat deur die skoolgange weergalm. Sy is ons tannie Erika Denysschen, die een in die kantoor aan wie ons vreemde vrae kan vra en gewoonlik goeie antwoorde kry. Met haar hand op die polsslag van die skool, het sy al vele wyshede - en 'n paar kosblikke en sportsakke - bymekaargemaak.

Tannie Erika het altyd gewonder waarom jou tipiese kantoortannie suur en mislik moet wees, dus het sy besluit dat sy haar rol anders gaan benader. Haar motto is om alle mense met respek en vriendelikheid te behandel. Sy sê dat 'n mens almal met liefde moet hanteer, want jy weet nie wat in ander se lewens aangaan nie.

Tannie Erika werk al van 2016 af by die naskool en is in 2019 as die amptelike kantoortannie aangestel. Sy het nog altyd 'n passie vir kinders, maar sy sal nie 'n onderwyser wil wees nie. "Ek wil nie met kinders raas of vir hulle punte verantwoordelik gehou word nie," lag sy.

Volgens tannie Erika kom wysheid nie noodwendig net saam met die ouderdom nie. "Kinders is vandag baie slimmer, want hulle weet waarvoor afkortings soos *FYP (for you page), POV (point of view)* en *PFP (profile photo)* staan. Ek weet darem nou wat dit beteken, maar *#helpmy*, ek is tegnologies gestremd."

Die ergste ding is om stoute kinders kantoor toe te roep of by die klasse te gaan haal. "Ek voel altyd so jammer vir hulle." So Kloof, bly uit die moeilikheid uit! Tannie Erika het beter dinge om te doen.

**Wat is Tannie se raad vir leerders as hulle oor die interkom praat?**

- Groet altyd en praat rustig.
- Moenie jou vriend wat praat, gespanne maak deur te giggel nie.
- Haal diep asem en sluit mooi af.
- Dit raak na die eerste keer beter, en niemand sal môre onthou as jy vandag oor jou woorde gestruikel het nie.



*Tannie Erika Denysschen*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Kloof se eie Spotify *playlist*

**Nandi Gous**

Die Klofiekan stel ons eie Klofie-*playlist* op Spotify bekend. Met ons ore op die grond, het ons sommiges van julle gevra vir jul gunstelingmusiek. En hier is dit nou. Vyf en 'n half ure van die Klofies se hart en siel. Geniet dit!

# Musiekresensie

**Lize Erasmus**

## *Harry Styles*



Met Harry Styles se eerste album as 'n solis en komponis, het hy die horlosie na die disko-era teruggedraai. *Fine Line* het die treffersparades oorgeneem en *Sign of the times* was die liedjie op almal se lippe. Maar net soos die flambojante *bell bottoms* en skitterende pakke van die 1970's ver weggepak is, is *Fine Line* op die eens-op-'n-tyd-trefferrak gebêre.

Wie geniet nie die soet nostalgie van gekoesterde herinneringe nie? Met sy nuwe album, *Harry's House*, herroep hy die verlede terwyl hy die toekoms dapper in die gesig staar. Hy vertel stories van grootword, mondigwording en volwassenheid…'n vreesaanjaende en onvermydelike keerpunt in almal se lewens.

Met sagte, simpatieke lirieke bied Harry vertroosting aan ons stryd teen tyd. *Harry's House* is een van die topverkopers van alle tye. *As it was*, die treffersnit op hierdie album, was vir vyf agtereenvolgende weke nommer een op die *Billboard Top 100 songs*, en liedjies soos *Daylight* en *Love of my Life*, is kort op sy hakke.

Dit is moeilik om jou kinderjare agter te laat en oor die drumpel na volwassenheid te tree, maar eendag sal jy op jou lewe terugkyk en net soos Harry met wysheid kan sê: *"In this world, it's just us. You know it's not the same as it was,"* en dit is nie noodwendig 'n slegte ding nie.

# Kloof se kosblikke vertel baie stories …

Nandi Gous en Miné Naudé



*Ontbyt is die belangrikste ete van die dag.*
- Foto verskaf -



*Ester se "Dis alles wat jy mag nodig hê"-kosblik.*
- Foto verskaf -



*Wat is die antoniem vir 'n vegetariër?*
- Foto verskaf -



*Die kosblik van jou drome.*
- Foto verskaf -



*Iemand is bang vir sy dokter.*
- Foto verskaf -



*'n Briefie vir Mamma se liefie.*
- Foto verskaf -



*En niemand het eers verjaar nie!*
- Foto verskaf -



*Dáárdie Woolies-kosblik.*
- Foto verskaf -



*Die koshuiskind se kosblik.*
- Foto verskaf -


OPEN WINDOW

WHERE CREATIVE IDEAS BUILD
CREATIVE CAREERS

3 DEGREES
Bachelor of: VISUAL COMMUNICATION DESIGN
Bachelor of: CREATIVE TECHNOLOGIES
Bachelor of: FILM ARTS

POSTGRADUATE
Bachelor of Arts Honours in: VISUAL COMMUNICATION

5 CERTIFICATES
NATIONAL CERTIFICATES
+ Design Techniques
Focus: Communication Design
+ Design Techniques
Focus: User Interface Design
+ Film & TV Production
+ 3D Animation & Visual Effects

FET CERTIFICATE
+ Photography

14 SPECIALISATIONS
+ Communication Design
+ Illustration
+ Photography
+ Product Design
+ Interaction Design
+ Interactive Development
+ Game Design
+ Motion Design
+ 3D Animation
+ Sound Design
+ Production Design
+ Screen Acting
+ Screenwriting
+ Film & Television

OPEN DAY:
10 SEPTEMBER 2022

Scan this QR Code to book a spot on our OPEN DAY!

Scan this QR Code to find out more about our WORKSHOP PROGRAMMES

#1 EDUCATIONAL INSTITUTION
We pride ourselves in being ranked the best creative educational institution by the Loeries® Annual Rankings.

OPENWINDOW.CO.ZA
012 648 9200
John Vorster Drive Ext. East, Southdowns, Irene




Meng-en-pas Antwoorde: 1. B; 2. D; 3. C; 4. E; 5. G; 6. F; 7. J; 8. M; 9. N; 10. L; 11. A; 12. I, 13. H, 14. K

# Moving MAGIC



- Fotograaf: Lily Rose Photographic Studio -

# Energiedrankies: jou redding of jou ondergang

Niel Voges, Mia Appelcryn, Krige Steyn

***Ondersoek: Die inname van energiedrankies en die effek daarvan.***

Die eksamen kruip nader en die Klofies se neuse is diep in die boeke. Opgewerk en moedeloos smag ons almal na 'n energiehupstootjie... 'n kafeïendrankie. Ma se Ricoffy klink maar treurig en Coca-Cola is te sleg vir hierdie maag. Wat sal dit wees? Energiedrankies!

**Een is te veel, maar 'n 1000 is nooit genoeg nie.**

Dit is onder die Klofiekan-redaksie se aandag gebring dat energiedrankies die belangrikste gesprekspunt van elke graad is.

Volgens die vraelyste wat die Klofiekan aan leerders uitgestuur het, drink 57% van die leerders energiedrankies en 43% van die leerders beweer dat hulle nie energiedrankies drink nie. Volgens 'n artikel in BDA (*The Association of UK Dietitians*) is daar die afgelope jare 'n afname in die totale inname van gaskoeldrank, maar die inname van energiedrankies het konsekwent vanaf 2006 gestyg, met 'n toename van 155% in verkope.


Volgens die Klofiekan se navorsing, is dit skokkend om te sien dat een uit elke tien leerders op 'n daaglikse basis energiedrankies drink. Weet die Klofies dan nie van die nagevolge van energiedrankies nie?


**Smaak en Energie > Gesondheid**


Die aand voor jou Wiskunde-vraestel is dit verstaanbaar dat Frisco jou nie die nodige energie-hupstoot kan gee nie, en dan soek die Klofies na alternatiewe brandstof.


Volgens 'n artikel in DNS, speel advertensies en handelsmerklojaliteit 'n groot rol in die begeerte om energiedrankies te drink. Smaak en die behoefte aan 'n energie-hupstoot, kan 'n rede vir die gebruik van energiedrankies wees. Uit die resultate van die vraelyste wat aan die leerders uitgestuur is, kan afgelei word dat 32% van die 57% leerders wat wel energiedrankies drink, dit vir die smaak daarvan drink. 29% van die 57% van leerders drink dit vir energie, terwyl 4% van die leerders beweer dat hulle nie sonder 'n energiedrankie kan klaarkom nie.


Die volgende gevolgtrekking is uit die navorsing gemaak. Die meerderheid leerders wat energiedrankies inneem, doen dit vir die smaak daarvan en hulle glo dat energiedrankies hulle energie gee.





**Energiedrankies is werklik 'n Monster**

Volgens die navorsing is 40% van die leerders bewus van die nagevolge van energiedrankies en tog neem hulle steeds die verslawende middel in.

Energiedrankies kan atlete se algehele prestasie vir ongeveer ses ure verbeter. Dit gee jou 'n broodnodige stroom van energie, maar is die inname van energiedrankies die moeite werd? RDN Erin Peisach het bevind dat energiedrankies baie nadelig vir tieners is en dat hulle dit veel eerder met gesonder opsies soos water moet vervang.

1. Energiedrankies bevat 'n enorme hoeveelheid suiker. Peisach sê dat slegs een energiedrankie baie meer as die aanbevole daaglikse suikerinname bevat en dat dit saam met al die ander chemikalieë baie sleg vir jou gesondheid is. Om te dink die meeste tieners drink daagliks baie meer as net een drankie. Die verbruik van twee of drie energiedrankies daagliks is twee tot drie keer meer as die aanbevole daaglikse suikerinname. Dit kan die risiko vir tipe twee diabetes, vetsug of metaboliese sindroom, abnormale cholesterol- en trigliseriedevlakke en oortollige liggaamsvet verhoog.
2. Die drankies bevat ook tonne kafeïene. Kafeïene hou baie nadelige effekte vir tieners in en veroorsaak verskeie mediese probleme. Sommige energiedrankies bevat tot 240 milligram kafeïene, terwyl koffie maar 'n maksimum van 150 milligram kafeïene bevat.
3. Energiedrankies bevat ook talle ander bestanddele wat skadelik vir die menslike liggaam is. Dit bevat 'n oormaat van taurin, guarana, niacin en ginseng wat almal dieselfde effekte as kafeïene inhou. Die kafeïene in energiedrankies is dus baie meer as wat dit veronderstel is om te wees.
4. Energiedrankies kan tot hoë bloeddruk lei en jou kardiovaskulêre gesondheid in gevaar stel. Hoë bloeddruk veroorsaak 'n toename in die streshormoon, norepinefrien, wat gesonde volwassenes in gevaar stel, aangesien hul meer geneig is om kardiovaskulêre probleme te ontwikkel. Dit mag dalk die korrelasie tussen energiedrankies en hartprobleme verduidelik.
5. Energiedrankies kan ook die vernouing van bloedvate veroorsaak. Volgens 'n artikel in *Proper Wild* glo sommiges dat die ginseng (in energiedrankies) jou uithouvermoë vertraag. Die kombinasie van kafeïen, taurine en suiker (alles in jou energiedrankie) kan die vernouing van bloedvate veroorsaak.
6. *Medical News Today* skryf dat energiedrankieverbruikers kafeïenonttrekking 12-24 ure na inname ervaar. Kafeïenonttrekkings sluit simptome soos hoofpyn, prikkelbaarheid en hardlywigheid in. Dr. Farrimond verduidelik dat die simptome van kafeïenontrekking tot nege dae kan duur afhangende van die hoeveelheid kafeïen wat verteer is. Vir gereelde energiedrankieverbruikers kan dit sewe tot twaalf dae vir die liggaam neem om by die gereelde inname van kafeïen aan te pas.

Alternatiewe energiebronne is gesonde kossoorte soos: volgraanprodukte, vrugte, groente, suiwelprodukte, asook neute en sade. Baie water en 'n goeie nagrus dra ook tot hoë energievlakke by.

**Kom ons praat besigheid**

Mense verbruik groot hoeveelhede energiedrankies; in 2014 was die omset van energiedrankies omtrent $49 biljoen. Dit het tot 'n totaal van $61 biljoen in 2020 gestyg en groei jaarliks met 5% vanaf 2013.

Van die populêrste handelsmerke sluit groot maatskappye soos: *Rocstar*, *Monster* en ons plaaslike gunsteling, *Switch*, in. Die topverkoper is egter *Redbull* as gevolg van hulle uitstekende bemarkingstegnieke, asook die borgskap van verskeie sportsoorte waarvan een van die grootstes die Formule 1 is. Hulle huidige nettowaarde is $25.4 biljoen en dit groei daagliks!

**Bibliografie**

Anoniem (2018, Julie) Energy Drinks. Retrieved from nccih.nih.gov
Heger, E. (2021, Januarie 13) 4 reasons why energy drinks are bad for you-and healthier ways to boost your energy. Retrieved from insider.com
Madubela, A. (2022, Februarie 17) Energy drinks flourish amid health fears. Retrieved from mg.co.za.
Manaker, L. (2021, Februarie 16) 12 Dangerous Side Effects of Energy Drinks, According to science. Retrieved from eatthis.com
Pearson, K. (2017, April 13) Are Energy Drinks Good or Bad for You? Retrieved from healthline.com
Whiteman, H. (2015, Augustus 15) How energy drinks affect you body within 24 hours. Retrieved from medicalnewstoday.com

FOTORAAI Antwoorde:Juf. Marinda Behr (2e ry, 2e van regs); Mnr. Alet Kieser (3e ry, 2e van links); Oom Kosie Pienaar (3e ry, 4e van regs)

# Ek wed jou jy weet nie, maar húlle weet wel

Laureanne Geertsema

**Wetenskap-expo**

Twee Klofies het hierdie jaar uitstekend in die Wetenskap-expo gevaar. **Arnold Dippenaar** (graad 11) het aan die Nasionale SAYESS-expo deelgeneem, met sy taak oor die gebruik van innoverende tegnologie om 'n robot te bou. Dié blikbrein maak van 'n Lidar-kamera gebruik om die omgewing te verken. Arnold se rede vir die taak? Daar is 'n gebrek aan data wat deur mobiele robotte verskaf word. Volgens hom is dit moeilik om 'n mobiele robot te beheer as jy dit nie self fisies waarneem nie. Die robot wat hy ontwikkel het, bestaan hoofsaaklik uit onderdele wat deur 'n driedimensionele drukker gemaak is. Die Lidar-kamera is 'n *Intel Realsense D345*, met 'n bykomende funksie om afstand te meet. So kan driedimensionele foto's geneem word. Die inligting wat verkry word, kan gebruik word om voorwerpe te identifiseer wat skade aan die robot kan aanrig. Om die robot te beheer, kan die gebruiker enige rekenaar wat die robot se sagteware bevat en aan dieselfde netwerk gekoppel is, gebruik. Hiérdie voordeel is moontlik omdat die robot 'n klein rekenaartjie bevat: die *Nividia Jetson Nano*. Dit beheer al die funksies van die kamera, asook die robot se elektriese komponente. Arnold ontvang 'n silwer toekenning vir sy taak!

Die tweede Klofie met 'n meesterbrein is **Je-Miné de la Rey** (graad 9). Sy het aan die internasionale ISTEC-expo in Indonesië deelgeneem. Haar expo-taak het oor Ankole-beeste gehandel, en of dit beter is om hulle te onthoring om groei aan te moedig. Sy verduidelik dat sy dié interessante onderwerp gaan navors het, omdat talle boere die beeste onthoring, sodat die beeste nie by die voerkrale baklei nie. Je-Miné vertel egter dat dié beeste se horings verskeie voordele vir hulle bied, soos byvoorbeeld termoregulering. Sy het ook ontdek dat die beeste danksy die horings nie eintlik meer met mekaar baklei nie. Volgens Je-Miné word daar meer stres op die beeste geplaas as hulle onthoring word, wat beteken dat hulle grootte, en dus die vleisverkope, nadelig beïnvloed word. As die beeste wel teen hulle normale spoed groei, sal hulle ook vinniger kan teel. Je-Miné verwerf ook 'n silwer toekenning!

**Wetenskap-olimpiade**

**Alwyn Marais** (graad 11) is nie net vir atletiek en sy blonde kuif bekend nie. Die man is 'n wetenskaplike van formaat! Hy het tydens die Wetenskap-olimpiade na die finaal deurgedring, waar hy vir die nasionale span gekies is. Hy moes tussen Chemie en Fisika kies, en vir hom was die keuse maklik: Fisika! Alwyn verduidelik dat die kompetisie tans aanlyn gaan plaasvind, maar daar is 'n skrale kans dat hy moontlik wel in Switserland sal kan gaan kompeteer.

Waterkloof kan nie meer trots op hierdie drie Klofies wees nie. Knap gedaan!



*Arnold Dippenaar*
*- Fotograaf: Miracles photography -*



*Arnold se Lindar-kamera*
*- Foto verskaf -*



*Alwyn Marais*
*- Fotograaf: Miracles photography -*



*Je-Miné de la Rey*
*- Fotograaf: Miracles photography -*



*Je-Miné en 'n Ankole-bees*
*- Foto verskaf -*

# Waterkloof se *Robofest*

Anja Maranta


Op 19 April 2022 het die eerste *Robofest*-kompetisie in Hoërskool Waterkloof se saal afgeskop. Waterkloof se 123 Robotika-leerders het teen Laerskool Wierdapark, Laerskool Die Krans, Laerskool Elarduspark en Southdown College deelgeneem. Die leerders moes in spanne opdeel en toe saamwerk om hulle robotte te bou en te programmeer om aan een van twee afdelings deel te neem.

Die eerste afdeling was die *Robotgame*. Die robotte het slegs twee minute gehad om verskillende kleure blokkies op te tel en oor die baan te vervoer. Die tweede afdeling was *Robotsumo*, waar die robotte waterbottels moes opspoor en van die speelvlak afstoot. Die robotte kon ook teen mekaar deelneem om te kyk wie eerste die bottels, of sy opponent van die tafel kan afstamp.

Die junior *Robotgame* is deur Die Krans se *Kronobots Alpha* gewen en die senior *Robotgame* is deur Waterkloof se *Robocops* gewen. Die *Robotsumo* is deur Waterkloof se *Superspensors* gewen.

Die volgende leerders het na die internasionale kompetisie, wat die naweek van die 13de Mei plaasgevind het, deurgedring: Willem Knoetze, Heinrich Ebersohn, Ebert de Villiers en Wian Bester in graad 9, asook Henk Veldsman, Henco Malan en Francois Loubser in graad 8.

Baie geluk aan al die leerders wat aan die *Robofest* deelgeneem het. Ons sien met groot opgewondenheid na die volgende kompetisie uit.





*Robofest*
*- Fotograaf: Dané Bouwer -*

# Mnr. Jaco van Wyk gesels oor robotte en die Matrix

Juan de Wet



*Mnr. Jaco van Wyk*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

Meneer Jaco is al van 2015 af by die skool se robotika betrokke, en nou kan ons hom ook een van ons skool se onderwysers noem. As hy homself in vyf woorde moes beskryf, sou dit: "Hardwerkend, lojaal, fiks, tegnologies en leergierig" wees en as jy hom ken, weet jy dat dit waar is. Sy passie vir robotika het in 2012 begin, omdat hy op die konstante ontwikkeling en uitdagings wat in die veld voorkom, verlief geraak het.

**Wat wil Meneer hier by Hoërskool Waterkloof bereik?**

Ek sal graag wil hê dat die tegnologie in die skool moet groei, met ander woorde dat ons 'n tegnologiesentrum kan hê waarheen enige iemand kan kom om enige iets rondom Tegnologie, Robotika, IT en Ingenieurswese te leer. Hoërskool Waterkloof moet bekend staan as 'n skool wat op die voorgrond van tegnologie is.

**Kan die robot-apokalips ooit waar word?**

Nee, want ons sal robotte altyd kan beheer.

**Wat sal die oplossing wees indien dit wel gebeur?**

C4 en 'n ontploffing. Dalk word Neo gebore en die nuwe Matrix begin; dalk is Neo in Waterkloof.

**Het Meneer al gewens dat Meneer se vrou 'n robot was?**

Ja, dan kan ek haar programmeer soos ek haar wil hê en kan ek haar afskakel as sy my pla. Dit sou nogal lekker wees! 😌

## In memoriam: Ewald Blignaut

14 April 2005 tot 29 Mei 2022



# God's Hands: Inge Venter is liefde in aksie

**Emma Lotriet**

"Ek dink om te gee, is 'n groter seën vir die persoon wat gee, as vir die een wat ontvang."- Inge Venter

Inge Venter, 'n uitsonderlike graad 12-leerder in Hoërskool Waterkloof, was nog altyd na aan die Here. Haar unieke verhouding met die Here het tot die stigting van *God's Hands* in April 2017 gelei. *God's Hands* het met 'n enkele kospakkie aan 'n man langs die straat begin. Dit het aanhou groei totdat dit in 'n geregistreerde liefdadigheidsorganisasie, met 'n hele span direkteure, ontwikkel het!

Inge se doel met *God's Hands* was om die Here se woord deur liefdadigheidswerk te versprei. Sy en haar span maak beslis 'n groot verskil in verskeie mense se lewens.

*God's Hands* loods elke jaar 'n Santafied-projek waar hulle met die hulp van die gemeenskap 500 Kersgeskenkbokse pak en aan behoeftige kinders skenk. Elke persoon wat besluit om by die projek betrokke te raak, sal 'n Kersboks vir 'n spesifieke kind (wat hy/sy self op die webtuiste kan kies) maak. Inge en haar span is ook by verskeie ander projekte, soos die kospakkieprojek en die Moedersdagprojek, betrokke.

Inge beplan om die organisasie nog meer uit te brei en om God se Woord saam met haar te neem en te versprei wanneer sy volgende jaar, vir haar studies, Stellenbosch toe vertrek. Haar droom is om deur middel van haar CA-kwalifikasie, van *God's Hands* 'n globale organisasie te maak wat mense regoor die wêreld sal help en van die Here bewusmaak.

Inge is 'n ware Klofie-dame en haar liefdadigheidsorganisasie raak beslis verskeie mense se lewens; beide dié wat betrokke is en dié wat ontvang.

Sy moedig enige iemand aan wat by *God's Hands* betrokke wil raak, om hul webtuiste by **https://godshands.co.za** te besoek.




*Inge Venter deel kersgeskenke uit.*
*- Foto verskaf -*

# Gebedsweek

**Mia van der Walt**

Die eerste week van kwartaal twee het op 'n hoë noot begin, met die afskop van die gebedsweek wat die Klofies die moed gegee het om die kwartaal en die res van die jaar met durf aan te pak. Tydens die week is leerders aangespoor om vir hulle vriende, onderwysers of iemand by die skool te bid – iemand wat hulle voel gebed nodig het. Die week het om geloof gesentreer, en daar is elke oggend voor skool en tydens pouse lofprysingsmusiek gespeel.

Robert Pollard, 'n welbekende pastoor en jeugwerker, het die skool op Dinsdag 5 April kom toespreek. Op Woensdag 6 April is die Klofies deur Reggie Peace gemotiveer. Hy is 'n kletsrymer en 'n akteur in die TV-reeks *Poena*, wat lank geswoeg het om sy doelwitte te verwesenlik. Hy het gedeel dat as jy glo en hard werk, jy enige iets kan bereik. Jy moet ook nooit in jouself twyfel nie.

Donderdagoggend was daar lofprysing saam met die 'n inter-kerklike lofprysingsgroep. Ivor Schwartz, 'n jeugpastoor, 'n skrywer en 'n motiveringspreker het op Vrydag 8 April sy lewensverhaal gedeel en gesê: "Ons almal het 'n klomp genade nodig." Pastoor Joshua het met die dienswerkers gepraat en hulle het elkeen 'n Bybel in hulle moedertaal ontvang.

Gustav Gous het gedurende die week met die personeel oor "lig" gepraat, iets wat uiters noodsaaklik in 'n donker wêreld is. Die gebedsmammas het vir die personeel 'n groot bederf gereël waartydens hulle heerlik aan lekker eetgoed gesmul het.

Die gebedsweek van 2022 was 'n inspirerende week vir die leerders en die personeel van Hoërskool Waterkloof. Hulle geestelike batterye is herlaai en hulle het die geleentheid gekry om vir 'n baie besige tweede kwartaal voor te berei.




# Mnr. Johan Louw: Kloof se nuwe ondersteunende oor

**Vivienne Pio**

Kloof se ondersteuningsdienste het onlangs 'n nuwe vriendelike gesig in die vorm van mnr. Johan Louw verwelkom. 'n Gesonde gees is deel van 'n gesonde leefstyl, daarom is mnr. Johan se hart en deur altyd oop vir die Klofies wat wil gesels of selfs raad oor vakkeuses wil hê.

**Wat is Meneer se indrukke van Kloof?**
Dit is ongeloofllik! Ek is baie dankbaar om deel van die personeel te wees en oor die fondasies wat reeds hier gelê is. Dit voel soos 'n droomwerk.

**Watter raad het Meneer vir iemand wat sielkunde wil studeer?**
Jy moet baie geduldig wees. Dit is moontlik, maar die proses om 'n sielkundige te word, is lank. Dit help om self 'n sielkundige te sien en jou persoonlikheidstipe te ken. Dit is ook goed om iets te hê om op terug te val, soos onderwys of spraakterapie.

**Hoe sal Meneer reageer op iemand wat nie in sielkunde glo nie?**
Dit is 'n baie groot uitdaging, veral omdat die persepsie is dat jy net 'n sielkundige moet sien as dit sleg gaan. Dit is eintlik glad nie so nie, 'n mens moet dit eerder sien as 'n geleentheid waar jy kan ontwikkel om 'n beter persoon te wees.

**Wat is vir Meneer die lekkerste van die werk?**
Dit is baie vervullend om te sien hoe iemand vorder en ontwikkel en om by te dra tot iemand se lewe sodat hy/sy meer gemaklik in die samelewing voel of selfs net kans sien om die dag aan te pak.

**Wat is vir Meneer die moeilikste?**
Om huis en werk te onderskei. Ek het 'n sagte hart en dit is soms moeilik om af te skakel en werk by die skool te los en ten volle by die huis te wees.

**Het iemand al, as gevolg van 'n kreatiewe skryfstuk, by Meneer beland?**
Nog nie by Kloof nie, nee. Skryf is eintlik 'n wonderlike manier om van jou frustrasies ontslae te raak. Daar is prag daarin om jou seer in iets te kan omskep.

**Wat dink Meneer kan ons as tieners doen om mekaar beter te ondersteun?**
Dit begin by vriendskappe: om na iemand te luister, beteken baie meer as om te praat. Moedig jou vriende aan om te vra as hulle hulp nodig het, nie noodwendig by 'n sielkundige nie, maar selfs by die jeugwerkers van die skool.
Die Klofies is baie opgewonde om mnr. Johan te verwelkom. Dit is duidelik dat hy nog diep spore in die Kloof-paaie gaan trap.



*Mnr. Johan Louw*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

# Paparazzi-pret

*Fotograwe: Megan du Toit, Lara Myburgh, Nika Myburgh, Vivienne Pio, Janneke Vahrmeijer*

## Paparazzi-pret tydens Opedag



















# Kloof se skattejag

Lyné Steyn, Juan de Wet

1. Wat pak *God's Hands* aan met hulle Santafied-projek?

103 91 104 10 132 47 22 165 36 59 78 9 84 37 133 141

2. Waarmee is die vertoning afgeskop?

116 156 29 210 77 202 38 205 101 155 208 61 86 203 102 207 40 206 119 209 46 76 201 87 211

3. Wie het die volgende gesê: "Ek wil nie met kinders raas of vir hulle punte verantwoordelik gehou word nie."

115 120 152 100 12 48 32 18 83 175 7 184 62 94 154

4. Vul die leë spasie in: Ek sou vir my ___ koop.

2 16 8 11 6 4 21

5. Wat was die hoogtepunt van die orkeslede se kamp?

14 151 33 176 49 188 89 149 214 63 153 52 17 166 196 90 177 114 212

6. Na wat is C4 en 'n ontploffing die oplossing?

129 139 51 140 39 82 5 64 13 93 50 148 41 150

7. Vul die ontbrekende woord in: Nee, ___ is nie meer so erg nie.

23 147 65 113 81 215 167 170

8. Watter liedjie is Meneer Grové se temalied?

144 157 168 54 66 24 95 80 146 158 169

9. Wat is Meneer Roos se grootste vrees?

68 118 25 112 130 42 67 186 53 171 26 159 178 43 187 190 204 189 192

10. Wie is as die "hoofdogter van die administratiewe kantoor" aangewys?

1 85 60 20 92 30 98 216 126 136 142 106

11. Deur wie is Muusika geskryf?

121 88 3 97 35 107 31 110 75 123 135

12. Vul die ontbrekende woorde in: Dié tradisie van ___, is in 2011 deur die hoofleiers, Jacques Small en Melise du Toit, begin.

73 125 217 164 199 128 174 183 191 127 200 195 34 194

13. Wat is die redakteur van die Klofiekan in 2017 se beroep nou?

138 197 108 162 96 15 218 58 71 19 137 72 163 173 181 198

14. Waarna is jy op soek as jy by oom Frank se koffiestalletjie is?

124 143 109 44 70 56 145 28 161 180 57 172 182 185 122

15. Wie/Wat het 246 doele tydens die fees aangeteken?

69 55 27 117 131 111 160 45 179 105

**Staan 'n kans om R500 te wen!**

**Staan 'n kans om R500 te wen!**

Vul die volgende vrae se antwoorde in die blokkies in. Elke blokkie het 'n kode. Sekere kodes korrespondeer met blokkies in die finale ry blokkies. Die laaste ry blokkies sal vir jou instruksies vir die finale leidraad gee. Vul AL die vrae in, voordat jy die volgende leidraad ontsyfer.
Geniet die skattejag!

**Finale antwoord: (Gebruik nou jou vorige antwoorde en voltooi hierdie laaste raaisel om te kan wen!)**

207 66 19 / 53 142 135 / 199 87 18

138 104 82 166 215 60 124 50 9 55 61 49 70 68 16 200 152 105 116 / 51 108

23 201 111 / 178 114 57 / 110 158 112 59 116 / 58 6 126 / 209 94 97 22 65 69

35 204 8 132 93 119 30 / 54 125 154 / 48 90 203

63 173 67 F 56 188 73 12 72

# Meng-en-pas-speletjie

Laureanne Geertsema en Marni Botha

Van verskriklike vraestelle opstel tot skreeusnaakse opmerkings in die klaskamer, Waterkloof se onderwysers is beslis topklas! Pas die volgende onderwysers by hulle op- of aanmerkings.

(Die antwoorde is elders in hierdie uitgawe versteek.)


A – Mnr. Dewald Maré


B – Mnr. Gareth Harris


C – Juf. Minnie Thom


D – Juf. Hester van der Westhuizen


E – Mnr. Jan Mollentze


F – Mnr. Manie Janse van Rensburg


G – Juf. Marinda Behr


H – Juf. Anell van der Walt


I – Juf. Ronelle Bosman


J – Juf. Marike Carstens


K – Juf. Susan Theron


L – Mnr. Jaco Labuschagne


M – Juf. Marietta van Rooyen


N – Juf. Ulinda Human

## Op- en aanmerkings:

1. "Sit, julle maak my *nervous.*"
2. "Goeiemôre, goeienaand."
3. "Luiheid en slimheid gaan mos saam."
4. "Wat de hel gat nou hier aan?"
5. "Dis hoekom ek *summersaults* hier voor in die klas doen."
6. "Het julle nie iewers om te wees nie?"
7. "Hierdie is die o ja-tegniek."
8. "Werk in jou boek en nie op my senuwees nie."
9. "Meisies, alle bronne - soos mans - is bruikbaar, maar nie alle mans is betroubaar nie."
10. "Jou kokkelol!"
11. "Jy kry nooit af in Wetenskap nie."
12. "Is dit so helder soos modderwater?"
13. "Nou skatte/skattebolle."
14. "Verstaan julle?"

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Suné van der Merwe




KOUE PLA NIE KUITE NIE

# Tong-in-die-Kies

Handro Myburg en Arnold Dippenaar




In die tweede kwartaal is die winter met ons. Die seisoen bring koue Klofies, koue knieë en mnr. Roos se grootste vrees - truie sonder baadjies. Gelukkig het Waterkloof 'n oplossing, 'n "maklike" antwoord vir ons koue gebede: nette vir die vierkant. Ten spyte van al die verbeterings ten opsigte van die infrastruktuur, die vooruitgang en die ontwikkeling by die skool, het die Klofies eintlik net een versoek: R5-*brownies #neverforget*. Dit voel asof jou rande in Zim-dollars verander het wanneer jy daardie harde knal van die Klofie-beursie-kaartmasjien hoor. Duidelik het hulle die inflasiekoers gekwadreer.



Ons verwelkom toekomstige Druppels by die Opedag. Die weervoorspelling sê: "Genoeg druppels om die dassies onder die klasse te laat verdwyn of om uiteindelik 'n swembad vol te maak." Die 2023-Klofies is egter goed voorberei op alles wat hulle in Kloof kan teëkom, byvoorbeeld 'n aggressiewe lama wat leerders voorberei vir meneer Roos wanneer hulle tydens wisseling laat is. Tydens die Opedag is 'n nuwe vak, Landbou, bekendgestel. Dit sal eintlik net 'n verskoning vir mnr. Lappies bied om in 'n kortbroek en plakkies skool toe te kom.




Die jaarlikse Druppel-konsert (of eerder film) was 'n groot sukses, behalwe dat Kloof se eie Zac Efron vir drie dae tydens die verfilming, onder suspisieuse omstandighede, nêrens te vinde was nie.

Daar steek ook 'n nuwe monster sy kop by Kloof uit, 'n monster wat elke kind en selfs 'n paar onderwysers se oë oop hou, *Sleeping at Kloof*. Dit was 'n lekker laggie elke nou en dan, totdat dit soos elke goeie ding tot 'n einde gekom het.



Die rugbyseisoen het begin en die pawiljoene is gepak. Almal in Kloof is gelukkig dat die gruwelike jare van 50-0 teen Menlo verloor, verby is. Ons kyk nie meer rugby vir krediete nie, maar uit trots.



Hierdie winter bring donkerte en koue. Jy wil nie uit jou bed uit opstaan nie, dis warm en veilig in vergelyking met die Afrikaanse klas. Nog steeds is daar seuns wat, ter voorbereiding van die Kaalvoetoggend, kortbroeke aantrek. Hulle bene is blou van die koue en hulle bewe soos riete, maar 'n langbroek aantrek, sal hulle nie oorweeg nie. Alles vir die Kaalvoetoggend. Hierdie jaar mik ons vir ses kilogram per kind. Nee, dis nie *lockdown*-gewig wat verloor moet word nie, maar klere wat ingesamel moet word vir die Kaalvoetoggend. Daar is sprake van 'n moontlike sinkerdonasie van die visvangspan om die gewig 'n bietjie op te stoot.



'n Paar dinge wat die Klofies tydens die eksamen geleer het: Koffie is beter met trane. Om met musiek te leer, is nie eintlik 'n ding nie. Tik-Tok is die rede hoekom jy sleg gedoen het, dit is nie jou skuld nie. Dit was nie die moeite werd om *Stranger Things* te *binge* nie. "Ek gaan nou begin leer", strek oor 'n baie lang tyd en jy hoef nooit onder enige omstandighede vir LO te leer nie.

Geniet die vakansie, Kloof!

*Grafiese kunstenaar: Suné van der Merwe*




*Handro en Arnold*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

# Atlete hou Hoërskool Waterkloof se naam hoog by SA's

**Kayla Strydom**

As jy gedink het Kloof se atletiek hardloop in die laaste baan na die Interhoër, is jy verkeerd. Sestien atlete van Hoërskool Waterkloof, het vanaf 31 Maart tot 2 April, aan die ASA SA Jeug- en Juniorkampioenskappe in Potchefstroom deelgeneem. Dit was 'n belewenis om die Klofies vir oulaas op die baan en veld in aksie te sien.
Van die uitmuntende prestasies is:
Hanno de Klerk verwerf 'n goue medalje vir die o.16-seuns driesprong met 'n afstand van 12.40 meter.
Kayla Murray verwerf 'n silwer medalje vir die o.17-dogters 100m met 'n tyd van 11.78 sekondes. Sy kwalifiseer om aan die Senior SA-kampioenskappe deel te neem. Sy het eerste in haar lopie geëindig, deurgedring na die semifinaal en 'n sesde plek in die finaal behaal.
Wesley Badenhorst verwerf 'n brons medalje vir die o.17-seuns diskus met 'n afstand van 58.32 meter.
Heike de Klerk verwerf 'n brons medalje vir die o.16-dogters driesprong met 'n afstand van 10.89 meter.
Daar was nege ander atlete wat in Top 10-posisies geëindig het. Nog 'n Klofie wat beslis dopgehou moet word, is Carl Willemse, wat Gauteng-Noord kleure in tweekamp verwerf het. Hy het 'n tiende plek in die seuns o.17-ouderdomsgroep behaal en hy stel ook 'n nuwe Gauteng-Noord rekord, met 'n totale puntetelling van 2068.14 op.

Juffrou Bonnie, Kloof se atletiekdirekteur: "Ek is baie trots op die atlete. Ons was verbaas oor die uitslae, want daar was meer atlete as by vorige SA-kampioenskappe. Ons is baie beïndruk met die Klofie-atlete en sien dat hulle baie groei. Hulle het hulself baie hard gedruk om te presteer."
In die beplanning vir 2023 word aand-oefensessies en 'n atletiekkamp ingesluit. Kloof se afrigters is uit die boonste rakke en kan nie wag om saam met die atlete aan nog 'n ongelooflike seisoen te begin werk nie.



*Kayla Murray o. 17 100m Silwer medalje*
*- Foto: Verskaf -*

# Klofie + Netbal = Fees

**Lyné Steyn**

"Die Klofie-netbalfees" sê presies vir jou hoe dit was: 'n FEES! Na twee jaar waar Kloof se netbalbane weens Covid braak gelê het, kon die jaarlikse netbalskouspel weer tydens die afgelope skoolvakansie plaasvind. Die bane is behoorlik aan die brand gespeel en vir vyf dae was dit net tekkies, strapping en netbalballe. Meer as 650 spelers en 70 spanne van regoor die land het deelgeneem, van so ver as die Noord-Kaap, die Wes-Kaap en die Oos-Kaap. Ansu Kemp, 'n nasionale en internasionale netbalskeidsregter, was baie beïndruk met die kwaliteit van die netbal.

Die eerste dag se spel het byna-byna uitgereën na 'n hewige donderstorm tydens die o.19-kragmeting. Maar selfs die geskree van die weerligalarm kon nie die spanne se geesdrif en spangees uitdoof nie en die laaste wedstryde is onder spreiligte afgehandel. Arno Jordaan het die feesgangers tydens die openingsaand in die skoolsaal vermaak.

Kloof se spanne het behoorlik geskitter, met ons eerstespan wat 'n totaal van ses uit hulle tien wedstryde gewen het. Hulle het 'n spogtotaal van 246 doele tydens die fees aangeteken. Lika Booysen, die Klofies se eerstespankaptein, sê: "Na twee jaar van Covid dink ek almal is honger om weer te speel. Dit was lekker om te sien hoe ons met elke wedstryd verbeter. 'n Mens voel dankbaar om weer op die baan te wees en jou hart uit te speel."

Met enkele beserings, maar met 'n netbalsak vol spangees, kon die spanne huiswaarts vertrek. Volgende jaar maak Kloof-netbal weer so.



*Aksie tydens Kloof se netbalfees*
*- Fotograaf: Natasha Cloete -*

# E-sport: Hendré de Kock gaan groot… in Frankryk

**Casey Robertson**


In 2021 het Hoërskool Waterkloof die bul by die horings gepak en E-sport 'n realiteit gemaak. Die besluit het nuwe deure vir leerders oopgemaak om hulle talente ten volle uit te leef.

Hendré de Kock, 'n leerder in graad 10, het aan die Rocket League Internasionale toernooi deelgeneem. *(RLCS) Rocket League* is 'n fantastiese sportgebaseerde videospeletjie waarin sokker met motors gespeel word. Die spelers werk saam om die bal in die veld af te stuur en doele in hulle teenstaanders se net aan te teken. Dit het vanaf 1 - 6 April in Parys, Frankryk, plaasgevind. Die wedstryde het aanlyn plaasgevind, waarna agt deelnemers vir die reis na Frankryk gekwalifiseer het.

Hendré was een van dié agt en het Afrika in die finaal verteenwoordig. Hy was so bevoorreg om selfs 'n sokkeropleidingskursus te kon bywoon.

Die finale rondte het by die *Stade de France* plaasgevind. Hier het Hendré 'n uitmuntende agtste plek verwerf. Die deelnemers, almal tussen die ouderdomme van 10 en 16 jaar, het tydens 'n fotosessie T-hemde, broeke en sokkertokse as geskenke ontvang. E-sportliefhebbers sien uit na die *Football League – League of Legends* finaal in Amerika waar die beste spelers van regoor die wêreld sal deelneem. Dié spelers kan prysgeld ter waarde van $7.82 miljoen wen.

Die E-sport by Waterkloof spog met 51 talentvolle leerders en vier toegewyde onderwysers en organiseerders. Enige Klofie kan by dié sportsoort inskakel en volgens 'n Klofie-speler: "net die seisoen geniet en mekaar beter leer ken!"




*Hendré de Kock*
*- Foto: Verskaf -*



*Kloof se tennisspelers by die Nelspruit-toernooi*
*- Foto: Verskaf -*

# Spel, stel, wedstryd – Kloof

**Michaela Smit**

Die ander skole slaan die bal ver, maar die Klofies slaan hom *Fe-derer*. En dis nou nie eens net 'n grappie nie. Soos dinge nou by Kloof-tennis staan, het ons dalk 'n toekomstige Nadal, Djokovic of Swiatek in ons midde.

Tot dusver het Kloof aan drie nasionale toernooie deelgeneem en telkens die beste van al die Pretoria-skole gevaar. By die Gerrie Berner-toernooi in Stellenbosch was Waterkloof se seunspan algeheel vierde, terwyl die eerste dogterspan vyfde in die Amanda Coetzer-toernooi in Bloemfontein geëindig het. By die Laeveld-toernooi het die meisies algeheel tweede en die seuns algeheel vyfde geëindig.

Twee van Kloof se spanne is as die Gauteng-Noord-ligawenners vir 2022 gekroon, en die uitslae van nog twee moontlike wenspanne word eersdaags bekendgemaak. Hierdie oorwinnings verbaas 'n mens natuurlik glad nie as jy in ag neem dat Kloof nie minder nie as agt Gauteng-Noord-spelers het wat aan die jaarlikse interprovinsiale toernooi deelgeneem het. Spelers wat ook uitsonderlik presteer het is: Ciaran McConnel (wen Gauteng-Oos dogters o.14), Reuben Mattheus (derde Oos-Kaap Buffalo City seuns o.16) en Tiaan Nelson (wen Gauteng-Oos seuns o.16).

Kloof spog ook met verskeie oud-leerders soos Chrisjan van Wyk, Amonette Theron, Bianca Koen, Tristian du Plessis, Tom Slabberts en Wilco Celliers wat in die VSA met tennisbeurse studeer.

# Rugby is 'n Waterkloof-spel

**Laureanne Geertsema**




*Guillaume Marais tydens die wedstryd teen Menlopark*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

*"Oh when the blues, in their numbers, oh when the blues come marching in…"* So het trotse Klofies die eerste rugbyspan tot oorwinning aangemoedig.

Die seisoen het tydens die Noord-Suid-toernooi met twee pragwedstryde by Affies afgeskop. Die Grey College-wedstryd, waar ons manne die knie gebuig het, maar beslis aanskoulike rugby gespeel het, was voorwaar iets om te onthou. Tydens die Wildeklawer-toernooi klop ons manne vir Diamantveld op tuisgrond met 'n telling van 19-17. Tydens die Menlo-derby het die Klofies weereens bewys dat hulle harte in die regte skakering van blou klop. Met 'n pragdrie deur die kaptein, Tyler Veldman, en 'n sekuur skop deur Johan Ströh, het die telling in die guns van Waterkloof geswaai. Die volgende wedstryd teen Hoërskool Marais Viljoen, het ons Kloof-harte nog meer laat swel. 'n Pragtelling van 17-11 in Waterkloof se guns, het die rugbyjaar laat voortstoom.

Met die Affies-derby, wat in kwartaal drie plaasvind, kan ons nie wag om te sien wat hierdie span nog uit die hoed gaan ruk nie. Ongelukkig is daar met elke suksesstorie 'n bietjie hartseer. Drie van die spelers is reeds aan die begin van die seisoen beseer. Armand Myburgh, een van dié op die krukkelys, vertel hoe hy en Ryan Pfaff mekaar positief hou.

Volgens meneer Cobus van Dyk, afrigter van die span, werk hulle al van 2020 af met die groep. Hy sê hy kan sien hoe die spelers se krag, deursettingsvermoë en motiveringsvlakke verbeter. Die span se korttermynplan is om die semi-finaal van die Noordvaal-toernooi te haal. Baie geluk met 'n puik seisoen. Die Klofies sien daarna uit om van julle eendag in groen en goud te sien uitdraf.

*#HouKloofDop!*



*Eerste rugbyspan*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

# Kloof-hokkie hou hulle naam hoog

**Niel Voges**

Daar word elke jaar gesê dat hierdie die jaar sal wees wanneer dinge gaan verander, maar hierdie jaar is dit werklik so vir Kloof-hokkie.

Met die heropbou van skolesport na die inperking, as gevolg van die pandemie, het Kloof-hokkie behoorlik weer die wiel aan die draai gekry. Die eerste dogtershokkiespan het in April, by die St. Mary's-toernooi, gewys uit watter stoffasie hulle gemaak is. Hulle het as 30ste op die skolehokkie-dogtersranglys in die toernooi ingestap. Ten spyte daarvan het hulle uitmuntende hokkie gespeel en teen skole soos Menlopark as wenners weggestap. Hulle het in die finaal teen Oranje Meisies gespeel, waar hulle ongelukkig met 'n telling van 3-0 die knie gebuig het. Hierdie dogters het dus in die tweede plek by die toernooi, ten spyte van hulle oorspronklike 30ste plek op die ranglys, geëindig. Na hierdie uitmuntende prestasie by die toernooi het hierdie dogterspan 'n sprong tot in die tweede plek van die skolehokkie-dogtersranglys gemaak.

Die eerste seunshokkiespan het ook in April by die St. Stithians-fees gespeel. Hulle het teen tophokkieskole soos St. Stithians, St. Albans, Clifton en Hilton College meegeding. Hierdie seuns het 2-2 gelykop teen Clifton gespeel en het met 3-1 vir St. Benedicts laat les opsê. In die reën van 16 April het die Klofies 'n titaniese stryd teen Hilton College en St. Stithians College gevoer. Kloof moes ongelukkig met 2-0 teen Hilton College die knie buig, en het in die doodsnikke van die wedstryd met 'n telling van 3-2 teen St. Stithians College verloor.

Hierdie spanne speel hulle harte uit en met die ondersteuning van hulle junior spanne, wat net so goed presteer, maak Kloof amok in die hokkiewêreld. Kloof-hokkie wys nou definitief dat hulle toonaangewend, toekomsgerig en revolusionêr is.



*Nadia Nel*
*- Fotograaf: Ludi Vogel -*



*Marco Grobler*
*- Fotograaf: Arnold Dippenaar -*




*Phillip Naudé*
*- Fotograaf: Martin Theron -*

# Klofie skitter in groen en goud

**Lize Erasmus**

Phillip Naudé, 'n matriekleerling in Hoërskool Waterkloof, het in groen en goud by die Afrika-bergfietskampioenskappe geskitter. Phillip het onlangs aan die *Sani to Sea*-wedren deelgeneem en is deel van die span wat die o.23-*Young Guns*-kategorie gewen het. Hy vorm deel van die *Pyga Euro Steel*-span, wat algeheel 'n derde plek verwerf het, ten spyte van tegniese probleme wat hulle op die tweede dag ondervind het.

**Op watter ouderdom het jy jou passie vir bergfietsry ontdek?**
Op die ouderdom van 14, toe ek vir Waterkloof begin fietsry het.

**Hoe lank oefen jy per dag en is daar 'n spesifieke dieet wat jy volg?**
Ek oefen 16 ure per week en probeer maar om so gesond as moontlik te eet.

**Het jy enige rituele voor 'n wedren?**
Nee nie regtig nie, maar ek visualiseer die baan die aand voor die wedren.

**Hoe het jy jouself vir die SA's voorberei?**
SA-Xco bestaan uit 'n reeks van vier wedrenne, regoor die land. Dit word deur die SA-kampioenskappe gevolg wat hierdie jaar op 2 Julie in Bloemfontein plaasvind. Jou resultate gedurende die reeks bepaal jou wegspringposisie. Ek het aan baie wedrenne deelgeneem om my tegniese vaardighede te verbeter.

**Wat is die grootste uitdaging van bergfietsry?**
Om fiks genoeg te wees en om die tegniek te bemeester. Dit is ook 'n uitdaging om 'n balans tussen my skoolwerk, fietsry en my sosiale lewe te handhaaf.

**Wat is die grootste besering wat jy al opgedoen het?**
Ek het drie jaar gelede my handpalms se senuwees met 'n val beskadig.

**Wie is jou rolmodel?**
Phillip Buys. Hy is 'n professionele fietsryer en een van my afrigters. Op die ouderdom van 35 ry hy steeds bergfiets en vaar uitstekend.

**Wie is jou grootste ondersteuner?**
Definitief my pa; hy is omtrent by elke wedren. Ook my borg, Demacon.

**Wat is jou toekomsplanne?**
Om, as die geleentheid hom voordoen, professioneel fiets te ry en in Amerika te gaan studeer.